

NEWSLETTER



June 2016

General / Algemeen

Geagte Inwoners

Dit is vir my aangenaam om te kan berig dat daar weinige sekuriteitsinsidente plaasgevind het sedert die vorige algemenejaervergadering, bykans 'n jaar gelede. Onder Charl Naude se leiding en met Dave de Wet, die sekuriteitsbestuurder van Wapadrand, aan die spits, is die insidente tot die absolute minimum beperk. Dit is voorwaar 'n voorreg om in 'n omgewing te kan woon waar ons as inwoners nie konstant aan misdaad blootgestel word nie.

Daar is egter 'n aantal punte wat onder inwoners se aandag gebring moet word, om die vreedsame samehörigheid in ons buurt te verseker.

- Dit is duidelik dat 'n groot aantal motoriste hulle skuldig daarin maak om te vinnig te ry en sodoende ander inwoners in gevaar stel. Dit is ook duidelik dat dit nie net besoekers van buite Wapadrand is, wat hulle daaraan skuldig maak nie. Daar is 'n aantal padtekens aangebring om padgebruikers daarvan bewus te maak dat voetgangers, kinders en troeteldiere in die strate teenwoordig mag wees. Verder is die aktiewe spoedborde aangebring om motoriste van hul snelheid bewus te maak. Die bord flits as die snelperk van 40 km/u oorskry word. Dit is belangrik vir almal se padveiligheid dat daar op hierdie waarskuwing ag geslaan word. Die veiligheid van die buurt lok juis voetgangers, drawwers, fietsryers en andere na die strate toe. Daar is ook inwoners wat gedurig sukkel om veilig hulle in- en uitritte te gebruik as gevolg van snelheidsoortreders. Moedig asseblief ook ander padgebruikers aan om op die veilige snelperk ag te slaan.
- Die gebruik van die mini-sirkel is ook 'n bron van irritasie. Baie inwoners verstaan nie die twee verkeersreëls van die sirkel, dat die motor wat eerste die spierstreep oorsteek die voorrang geniet bo die ander voertuie wat buite die sirkel is. Tweedens dat daar by 'n verkeerssirkel toegegee word aan die motor aan jou regterkant, wat reeds binne die sirkel is nie. Dit lei dan tot talle vorms van onaangenaamheid wat nie in Wapadrand tuishoort nie. Daar is ook motoriste wat die mini-sirkel totaal ignoreer en bo oor die sirkel ry asof dit nie bestaan nie. Graag versoek ek u om net met 'n bietjie meer bedagsaamheid en hoffikheid ander padgebruikers te benader en dan sal die grootste meerderheid van hierdie probleme in die niet verdwyn.
- 'n Ander kommerwekkende gebruik wat al hoe meer posvat is om geleentheidswerkers buite Wapadrand op te laai en dan in te bring, sonder enige vorm van kontroliering of registrasie by die hekke. Dit maak die monitering stelsels totaal oneffektief en die inligtingspoor gaan totaal verlore. Laat alle werkers inteken asseblief. Dit mag dalk 'n paar minute langer duur, maar die veiligheid van Wapadrand is op die spel. Ek wil verder ook inwoners aanmoedig om hul huis- en tuinhulp by die waghek te registreer, wat nie net die monitering vergemaklik nie, maar ook word die ingangspesure dramaties versnel en vereenvoudig.
- Daar word tans gewerk aan 'n nuwe webwerf met die doel om die kommunikasie binne Wapadrand meer interaktief te maak. Ek wil u asseblief versoek om enige verdagte persone of omstandighede dadelik te rapporteer by een van die kontak nommers soos aangeheg of persoonlik by Dave de Wet as hy by die hek aanwesig is.
- Inwoners word ook aangeraai om die sekuriteits-reputasie van kontrakteurs met Dave de Wet uit te klaar, voordat hulle aangestel word. Dit is belangrik omdat nie alle kontrakteurs die veiligheid van Wapadrand op die hart dra nie.

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

Herman van Staden

Voorsitter

Dear Resident

It is a pleasure to report that since the previous AGM, almost a year ago, very little security incidences have occurred in Wapadrand. Under the leadership of Charl Naude, with Dave de Wet, the security manager in the trenches, the security incidents have been kept to the bare minimum. It is truly a privilege to stay in an area where one doesn't have to look over your shoulder all the time.

There are however a couple of issues that need to be brought to the attention of residents.

- Numerous motorists are driving at unacceptable speeds in Wapadrand. Not only are visitors and outsiders to blame, but residents are also at fault. A number of traffic signs have been put in place to caution motorists that pedestrians, children and animals might be in the streets at any given time. Additional to these signs, interactive speed indicators have been installed to draw attention to the speed of motorists. These boards flash amber should a motorist exceed the advised speed limit of 40km/h. It is in everybody's best interest that motorists adhere to these signals. One of the consequences of the low crime rate is that pedestrians, runners, cyclist and others are flocking to the streets. Some residents also have difficulty entering and exiting their driveways safely due to the speeding in the streets. I would like to make an urgent call on all our road users to drive with caution in the neighbourhood.
- The incorrect use of the mini-circles are also becoming a nuisance. Some residents do not understand the two basic traffic rules at a circle, where the vehicle that crosses the barrier line first, has the right of way. Yield to the right for vehicles already in the circle. Disregarding these traffic rules lead to unpleasant incidents that don't belong in Wapadrand. Some motorists just drive over the circles as though they do not exist. I once again appeal to all motorists to drive with a little more curtesy and respect towards other road users and most of these incidences will disappear.
- Another practice that is on the increase is that residents collect casual labourers outside Wapadrand and then drive them through the gates without any form of notification or registration. This makes the whole monitoring system null and void and the information trail is completely lost. Please sign all workers in at the gates. Your safety is more important to us than your slight inconvenience of working with the system. Please residents, also register your house and garden workers at the gate. This does not only improve the monitoring system, but speeds up the entry procedures as well.
- A new interactive website is under construction, with the aim to improve communication within Wapadrand. I would like to request all residents to report suspicious persons and activities to one of the numbers attached or personally to Dave de Wet when he is present at the gate.
- Residents are requested to clear the security reputation of all contractors with Dave de Wet before they are appointed. This has become necessary because not all contractors follow acceptable security practices.

Thank you for your cooperation in this regard.

Herman van Staden

Chairperson

WATER BESPARINGS

Ons is almal onlangs geraak deur die versengende droogte wat in groot dele van ons land krisis afmetings aangeneem het. Ons word almal tot 'n mate geraak deur die krisis, indien nie direk nie, dan verseker deur hoër voedselpriese as gevolg van die droogte. Ons sal moet leer om water te bespaar, en ons sal ons kinders ook moet opvoed om water nie te vermors nie. Hiermee 'n paar eenvoudige wenke om water in en om die huis te bespaar. Dit is meestal nie groot aanpassings nie, in die meeste gevalle is dit 'n klein verandering in ons roetine, maar op die lang duur kan dit 'n reuse verskil aan die beskikbaarheid van water (en ons water rekeninge!!) maak.

Badkamer

- Herwin badwater vir die tuin.
- Moenie te veel badwater intap nie, gesinslede kan badwater deel.
- 'n Bad gebruik gemiddeld 160 liter water en 'n 5-minute stort 60 liter water. Stort dus in plaas daarvan om te bad.
- Draai die stort se krane toe terwyl jy was. Draai dit dan weer oop om die seepskum af te spoel.
- Plaas 'n emmer in die stort om ekstra water vir die plante op te vang.
- Verander jou stortkop na een wat minder water gebruik.
- Draai die kraan toe wanneer jy jou tande borsel (bespaar tot 20 liter water) of skeer (bespaar tot 45 liter water).
- Gereelde instandhouding van toiletonderdele sal keer dat water nie onnodig vermors word nie. 'n Lekplek in jou toilet kan tot 30 liter water per uur mors. Kyk of jou toilet lek deur 'n paar druppels voedselkleursel in die watertenk te gooi. As die kleur in die toiletbak sypel, is daar 'n lekplek wat so gou as moontlik herstel moet word.
- Moenie die toilet onnodig druk nie - spoel net wanneer nodig.
- Moenie die toilet vir 'n asblik gebruik nie. Gooi snesies, insekte en ander items eerder in die drom. Om die toilet een keer te spoel gebruik 12 liter water!
- Plaas 'n "waterverplasingstoestel" in jou toiletbak. Gebruik 'n baksteen in plastiek toegedraai (om te voorkom dat "brostukke" van die baksteek die spoelstelsel beskadig) of 'n plastiekbottel met water gevul.
- Toiletspoelkleppe moet net vir 6 - 8 sekondes, en urinale net vir 2 - 4 sekondes spoel.
- Gebruik grys water (gebruikte water van jou bad en wasmasjien en ander veilige bronne) om jou toilet te spoel.

Opwaskamer

- Kies 'n wasmasjien/skottelgoedwasser wat minder water gebruik.
- Spoel glase, eetgerei en groente in 'n opwasbak eerder as onder 'n lopende kraan af. Jy kan hierdie water weer vir potplante of in die tuin gebruik.
- Moenie jou wasmasjien of skottelgoedwasser gebruik as dit nie 'n volle lading het nie.
- Moenie klein hoeveelhede skottelgoed met die hand was nie, spoel dit af soos in die vorige punt beskryf en pak in die skottelgoed wasser. Skakel die skottelgoedwasser dan slegs een keer op 'n dag aan. 'n Skottelgoedwasser gebruik in 'n volle siklus minder as 20 liter water - baie minder as wat 'n wasbak seepwater en 'n bak afspoel water sou wees.

Kombuis

- Kook net soveel water soos wat nodig is.
- Spoel dadelik jou skottelgoed, veral potte, voordat die kosreste daarin hard word en met water saggemaak moet word.
- Ontvries jou vleis oornag of in die mikrogolf pleks daarvan dat jy dit onder warm water hou.
- Hou 'n bottel drinkwater in die yskas sodat jy nie die kraan hoef te laat loop terwyl jy vir koue water wag nie.
- As u skottelgoed was, tap water in 'n wasbak om skottelgoed af te spoel. Moenie spoelwerk onder 'n lopende kraan doen nie.
- Spoel u vrugte en groente in 'n bak met water af en nie onder die lopende kraan nie. Gebruik die afspoelwater vir u tuin of potplante.

Swembad

- Moenie jou swembad te vol maak of onnodig terugspoel (backwash) nie.
- Belê in 'n goeie bedekking vir jou swembad om sodoende die hoeveelheid water wat verdamp in te perk.
- Maak seker jou swembadpomp en pype lek nie water nie.

Tuin

- Gebruik 'n deklaag van kompos of boombas in blombeddings - dit help om onkruid af te weer en vog langer in die grond te hou.
- Moenie jou gras korter as 4 cm sny nie omdat dit die diepte van die wortels verminder, m.a.w. lig die grassnyer se lemme sodat die gras dieper wortels kan skiet.
- Pleks om die kombuis- en tuinafval weg te gooi, maak 'n komposhoop wat later vir bemesting of 'n deklaag gebruik kan word.
- As jy kan, gebruik 'n grassnyer wat die gras baie fyn sny en die grassnysels terug in die gras blaas.
- Hergebruik jou bad- en opwaswater deur dit op jou plante en/of grasperk uit te gooi. Professionele gryswaterherwinningstelsels is ook op die mark beskikbaar.
- Grasperke word gewoonlik te veel water gegee en gebruik tot vier keer meer water as ander plante. Wenk: loop op die grasperk. As die spriete terugbous, is dit nie nodig om water te gee nie. As 'n reël benodig gras in die somer net elke 5 - 7 dae water en in die winter elke 10 - 14 dae.
- Maak seker jou besproeiing lei nie plaveisel, sypaadjies of die straat nat nie. Skuif dit sodat net jou grasperk en plante water kry.
- Gebruik eerder 'n sprinkelstelsel wat self aan- en afskakel.
- Monitor gereeld die outomatiese verstellings van die besproeiingstelsel.
- Kies 'n watervriendelike tuin met klippe en minder plante.
- Plant inheemse plante wat minder water vereis. Indien jy uitheemse plant gebruik, maak seker dit is waterwyse plante (plante wat min water benodig)
- Die tuinslang waarmee jy jou tuin natmaak, moet 'n selfsluittoestel soos 'n snellerspuitkop hê.
- Plant blomplante eerder in blombakke as in die grond self. Dit sal voorkom dat die toegediende water somer wegsyfer in die grond voordat die plantwortels dit kon opneem. 'n Omgekeerde watergevulde plastiekbottel, met gaatjies in die prop, kan dan in die blombak staangemaak word. Dit kan dan, soos drupbesproeiing, dwarsdeur die dag en nag stadig water toedien sodra die grond droog word. Op hierdie "vrystelbeheerde" wyse hoef 'n plant ook nie een of twee keer per dag oarspoel te word met 'n gieter nie. Vir groente en kruidie word glasbottels eerder aanbeveel, omdat plastiek afbreek en deur die wortelstelsel van die plant opgeneem word.
- Sit 'n verstelbare tuit aan jou tuinslag om fyn mis te maak wanneer jy die tuin natlei.
- Maak jou tuin voor 10:00 of ná 17:00 nat om verdamping te verminder en net wanneer dit nodig is of so aangedui word, bv. wanneer waterbeperkings ingestel is.
- Wanneer jy jou tuin minder gereeld maar dieper (langer) natmaak, moedig jy die wortelstelsel aan om dieper te groei. Dit maak jou plante sterker. Hierdie praktyk kan die meeste gevestigde plante in waterwysplante omskep.
- Vogtigheidsmeters om die grondvog van sekere plekke te bepaal wissel van eenvoudige tuisgemaakte elektroniese handapparate wat selfs kinders kan bou, meer gevorderde stelsels vir tieners en volwassenes, tot geïnstalleerde John Deere Field Connect-toestelle wat selfoonboodskappe versend. Wanneer die vogtigheidsvlak voldoende is, is die toediening van water in tuine nie nodig nie. Andersins kan die persoon maar net sy vinger in die grond druk vir 'n vogtigheidstoets.

Algemeen

- Gebruik 'n besem om die voorhof, stoep en ander geplaveide gebiede skoon te vee. Dit is ontoelaatbaar om 'n tuinslang hiervoor te gebruik. Sorg asseblief dat u tuin hulp(e) nie tuinslange gebruik vir hierdie doel nie.
- Gebruik 'n emmer pleks van 'n tuinslang wanneer jy jou voertuig was en gebruik die tuinslang kortliks wanneer jy die seepwater afspoel.
- Gebruik 'n tuinslang met 'n snellerspuitkop wanneer jy jou motor was. Jy kan tot 300 liter water op 'n keer bespaar as jy jou motor met kort spuite water was.
- Was jou kar op die gras.
- Gaan jou waterpype gereeld vir lekplekke na en kry 'n loodgieter indien nodig. In die meeste gevalle sal die geld wat dit kos om lekplekke te herstel oor 'n tydperk (gewoonlik minder as 'n jaar) deur laer waterrekeninge verhaal word.
- Hou jou oë en ore oop. Meld gebreke waterpype en vermorsing van water by jou naaste plaaslike owerheid aan.

- Maak seker al die krane is behoorlik toegedraai. 'n Druppelende kraan (1 druppel per sekonde) kan tot 30 liter water per dag mors. Dit is gelykstaande aan 10 000 liter per jaar!
- Maak seker daar is nie 'n lek in een van die pype in jou huis nie, dit kan duisende liters water spaar.
- Vervang kraanwassers gereeld en sit lugspuiter in krane om die vloei van water te beperk en te versprei. Dit bespaar water, maar dit voel of jy dieselfde hoeveelheid water gebruik.
- Indien jy die plek daarvoor het, installeer tenks wat reën water opvang, andersins: gebruik emmers of houers en vang die reënwater op wat by jou geute afloop; dié water kan vir jou tuin gebruik word en selfs in die huis gebruik word.
- Redelike skoon reënwater kan gebruik word om skottelgoed op te was (voorwas), skoon te maak, die toilet te spoel en die swembad vol te maak.
- Indien daar oortollige kookwater in die ketel oorbly, kan dit onmiddellik as omgewingsvriendelike onkruidodder gebruik word. Dit dien indirek as plaasvervanger vir chemiese gif, waar laasgenoemde tot die grondwatertafel kan deursyfer en die grondwater besoedel en ondrinkbaar maak. Andersins, gooi die oord kookwater in 'n warmwaterfles vir latere gebruik.
- Installeer 'n kitsverhittingseenheid op die warmwaterkraan sodat water nie vermors word deur te wag vir die warm water nie.
- isoleer die warmwaterpype om hitte te behou. Bruikbare warm water sal die kraan vinniger bereik.
- Vang die water op wat loop terwyl jy wag dat die warm water deurkom. Gebruik hierdie water om plante of jou tuin mee nat te lei.
- Moenie onnodig waterspeelgoed vir jou kinders koop nie.
- Vermy lugversorgingstelsels wat op die water-na-lug beginsel werk.
- Enige water, as neweproduk van tegnologiese prosesse, kan ook 'n geringe bydrae lewer. In veral vogtige of subtropiese gebiede langs die kus en die Laeveld kan hierdie manier van waterverkryging benut word. Voorbeelde sluit in die gebruik van aanpaksels ys in vrieskaste, asook die benutting van water afkomstig uit lugversorgers gedurende die somer. (Die wateruitloop van die geiser kan ook aan gedink word). Die geringe hoeveelheid water, afhangelend van die weer, kan in 'n bottel of kannaetjie versamel en vir plantegroei aangewend word.

Blaffende Honde

Verskeie inwoners het in die onlangse verlede gekla oor honde wat steurend en aanhoudend blaf. Hierdie is nie 'n aangeleentheid wat deur die raad of enige personeel van die Wapadrand Sekuriteitsdorp aangespreek kan word nie, die mandaat van die Raad is beperk tot die sekuriteit van Wapadrand. Die goeie nuus is dat daar munisipale regulasies bestaan wat hierdie steurnis kan aanspreek. Indien die korrekte kanale gevolg word, kan die eienaars van steurende troeteldiere gedwing word om die probleem aan te spreek en 'n bevredigende oplossing te vind. Een van die direkteure (Marlyn von Backstrom – Gemeenskaps koördineerder) het die moeite gedoen om vas te stel wat die korrekte prosedure is om te volg. U kan 'n vorm bekom wat u oor 'n periode van twee weke moet invul en terugstuur aan die korrekte departement. Indien u belangstel kan u met Marlyn in verbinding tree, (llimmarlyn@gmail.com) om aan u die nodige vorm te e-pos asook die kontak besonderhede van die korrekte persoon na wie hierdie voltooidde vorm gestuur moet word sodat die probleem aangespreek kan word.

WATER CONSERVATION

We were all recently affected by the searing drought that has reached crisis proportions in many parts of our country. We are all affected to some extent by the crisis, if not directly, then definitely by higher food prices due to the drought. We will have to learn to conserve water, and we will have to educate our children not to waste water. Herewith a few simple tips to save water in and around the house. It is usually not great adaptations, in most cases it is a small change in our routine, but in the long run it could have a huge impact on the availability of water (and our water bills !!).

Bathroom

- Recycle bath water for the garden.
- Do not over-run the water bath, family members can share bath water.
- A bath uses on average 160 litres of water and a 5-minute shower 60 litres of water. Pour So instead of taking a bath.

- Close the shower taps while you wash. Turn it back open to rinse the soap scum
- Place a bucket in the shower to catch extra water for your plants.
- Change your shower head to one that uses less water.
- Turn off the tap when you brush your teeth (save up to 20 litres of water) or shaving (saves up to 45 litres of water).
- Regular maintenance of toilet parts will ensure water is not wasted unnecessarily. A leak in your toilet can waste up to 30 litres of water per hour. Make sure your toilet does not leak by pouring a few drops of food colouring in the tank. If the colour in the toilet bowl seeps, there is a leak that must be repaired as soon as possible.
- Flush the toilet only when necessary. Do not use the toilet for a dustbin. Throw tissues, insects and other items in the bin. To flush the toilet once uses 12 litre of water!
- Place a "water replacement" in your toilet bowl, use a brick wrapped in plastic (to prevent pieces of the brick damaging the toilet system) or use a plastic bottle filled with water.
- Toilet flush systems should flush for only 6 - 8 seconds and urinals for only 2 - 4 seconds.
- Use grey water (used water from your bath and washing machine and other safe sources) to flush your toilet.

Scullery

- Choose a washing machine / dishwasher that uses less water.
- Rinse glasses, utensils and vegetables in a sink rather than down under a running faucet. You can use this water for potted plants or in the garden.
- Do not use your washing machine or dishwasher if it does not have a full load.
- Do small amounts of dishes by hand wash, rinse as described in the previous point and load it in the dishes washer. Turn the dishwasher then only once in a day. A dish washer uses less than 20 litres of water in a full cycle - much less than a sink with soapy water and a sink of rinse water would be.

Kitchen

- Boil only as much water as needed.
- Rinse your dishes immediately, especially pots before leftover foods harden in the pots and to be softened with water.
- Defrost your meat overnight or in the microwave instead of in hot water.
- Keep a bottle of drinking water in the fridge so you do not run the tap while you wait for cold water to run from the tap.
- If you wash the dishes, rinse the dishes in a sink. Do not rinse under a running tap.
- Rinse your fruits and vegetables down in a bowl of water and not under running water. Use the rinse water for your garden or potted plants.

Swimming Pool

- Do not overfill your pool or backwash the pool unnecessarily.
- Invest in a good cover for your pool in order to minimise the evaporating water.
- Ensure your pool pump and pipes does not leak water.

Garden

- Use a mulch of compost or bark in flower beds - it helps to minimize weeds and keep moisture in the ground longer.
- Do your grass cut shorter than 4 cm, which would reduce the depth of the roots, in other words, lift the blades of the mower in order for the grasses' roots to grow deeper.
- Instead of throwing away the kitchen and garden waste, make a compost heap to use for fertilizer or mulch.
- If you can, use a mower to chop grass fine and blow it back into the lawn.
- Reuse your bath and water and sink water by using it on your plants and/or lawn. Professional grey water recovery systems are also available on the market.
- Lawns are usually given too much water and use up to four times more water than other plants. Tip: walk on the lawn. If the leaves rebounds, it is not necessary to water the lawn. As a rule grass require watering every 5 - 7 days in summer and every 10 - 14 days in winter.
- Make sure your irrigation does not water paving, sidewalks or the street. Change the setting to only water your lawn and plants.
- Monitor the automatic configuration of the irrigation system regularly.
- Switch to a water-friendly garden with rocks and fewer plants.

- Use indigenous plants that require less water. If you use exotic plants, use water wise (plants that require little water)
- The hose you use to water your garden, should have a self-locking device.
- Plant flowering plants rather in flowerpots and in the soil itself. This will prevent the water just soak into the soil before planting roots can absorb it. An inverted water-filled plastic bottle with holes in the cap, can be erected in the flowerpot. If can, like drip irrigation, apply water slowly throughout the day and night as soon as the soil dries. This way the plant need not be flooded one or twice a day. For vegetables and herbs glass bottles recommended are recommended, because the plastic break down and can be absorbed by the root system of the plant.
- Put an adjustable nozzle on your hose to make a fine mist when watering the garden.
- Use a watering can instead of a hose to irrigate your garden and to save water. Incidentally, with a hose you can be as much as 1000 litres of water hour.
- Irrigate your garden before 10:00 or after 17:00 to avoid evaporation and only when needed or as indicated, for example. When water restrictions were imposed.
- Irrigate your garden less frequently but deeper, you encourage the roots to grow deeper. This practice makes the plants stronger and encourage the plants to grow a strong, deep root system. This practice can convert most established plants in water wise plants.
- Moisture meters to determine soil moisture can range simple homemade electronic hand apparatus build by children, more advanced systems build by teens and adults, and more sophisticated devices that transmit phone messages. When moisture levels are sufficient, the administration of water is not necessary. Otherwise the person can only press a finger in the ground for a moisture test.

General

- Use a broom to sweep the courtyard, patio and other paved areas. It is unacceptable to use for a garden hose. Make sure to educate your gardener in this regard.
- Use a bucket instead of a hose when you wash your vehicle and use hose briefly when rinsing the soapy water.
- Use a garden hose with a self-locking device when you wash your car. You can save up to 300 litres of water to rinse your car with short jets of water.
- Wash your car on the grass.
- Check your water pipes regularly for leaks and get a plumber if necessary. In most cases, the money it costs to repair leaks over time (usually less than a year) is recovered through lower water bills.
- Keep your eyes and ears open. Report leaking water pipes and wasting of water at your local municipality.
- Make sure all the taps are closed properly. A dripping tap (one drop per second) wastes up to 30 litres of water per day. This equates to 10,000 litres per year!
- Make sure there is not a leak in one of the pipes in your home, it can save thousands of litres of water.
- Replace tap washers regularly and install taps to add air to the water and restrict the flow of water. This saves water, but it feels as if you use the same amount of water.

- If you have place for it, install tanks for the collection of rainwater, otherwise, use buckets or smaller containers and catch the rain water from your gutters; this water can be used for your garden and even used in the home.
- Reasonable clean rainwater can be used to wash dishes (prewash), to flush the toilet and fill the pool.
- If there remains excess boiled water in the kettle, it can immediately be used as an environmentally friendly herbicide. It acts indirectly as a substitute for chemical poison. Otherwise, pour the boiled water into a Thermos flask for future use.
- Install a quick heating unit on the hot water tap to minimize water wasted by waiting for hot water.
- Insulate hot water pipes to retain heat. Usable hot water will reach the tap quicker.
- Catch the water running from the tap while you wait for the hot water to come through. Use this water to wet plants in your garden.
- Do not buy unnecessary water toys for your children.
- Avoid air conditioning systems that works on the water-to-air principle.
- Any water as a by-product of technological processes, can also make a small contribution. In particular, in moist or subtropical areas along the coast and valleys, this manner of water harvesting can be used. Examples include the use of deposits of ice in freezers, as well as the utilization of water from air conditioners during the summer. (The water outlet of the water heater can also be thought of). The small amount of water, depending on the weather, can be collected in a bottle or can and used for plant growth.

Barking Dogs

Several residents have recently complained about dogs barking continuously. This is not a matter to be addressed by the board or any of the staff of the Wapadrand Security Village, the mandate of the Board is limited to the security of Wapadrand. The good news is that municipal regulations exist that can address this nuisance. If the correct channels are followed, the owners of disturbing pets may be forced to address the problem and to find a satisfactory solution. One of the directors (Marlyn von Backstrom - Community Coordinator) has taken the trouble to find out what is to follow the correct procedure. You can obtain a form that you have to complete a period of two weeks and return to the correct department. If you are interested, please get in touch with Marlyn, (lilimarlyn@gmail.com) to receive the form by e-mail as well as the contact details of the appropriate person to whom this completed form must be returned in order to initiate the correct process to address the disturbance

Kontak Nommers / Contact Numbers

• Waghek / Gate	078 810 2112 / 061 200 4988
• Wagte beheerkamer / Guards control room	062 395 6626 / 071 000 3914 / 062 826 5972
• Dave de Wet (sekuriteitsbestuurder / security manager)	082 342 0101
• Andre Olivier (ASP – wagte / ASP guards)	078 168 2631
• Charl Naude (direkteur / director)	082 563 5700
• Herman van Staden (voorsitter / chairperson)	083 268 3309
• Steven van Rensburg (direkteur / director)	082 920 7451
• Sektorpolisievoertuig / sector police vehicle	071 675 6401 / 2
• Garsfonteinpolisie / Garsfontein police	012 348 5900

Sign up to receive your newsletter electronically.

Visit our website today at:

www.wapadrand.org.za